

OMGEWINGSVERANTWOORDELIKHEID

Kleinsake-ontwikkeling, toerisme en omgewingsake is daaraan herinner om nie sy verantwoordelikheid teenoor die omgewing af te skeep nie. Dit is nie nuwe nuus dat stortingsterreinne nie aan minimum wetlike vereistes voldoen nie. Belangrike waterbronne in die omgewing, soos die Vaal-en Wilgerivier, word weens die regering se onbevoegdheid en ongeërgdheid teenoor die omgewing besoedel met riool, vullis en bloed vanaf abattoirs. Water word nie net besoedel nie, maar die opeenhoping van boomstompe en ander natuurlike materiaal aan die keerwal van die Wilgerivier by Frankfort mag dalk grootskaalse watertekort vir inwoners inhou, omdat instandhouding nie plaasvind nie. Klagtes is onder die departement se aandag gebring, maar die probleem met ons waterbronne kan nie net by klagtes bly nie. Mafube Munisipaliteit word grootliks deur water voorsien wat vrylik oor die Wilgerivier se keerwal loop. Die opeenhoping van afval veroorsaak dat die water met geweldige druk deur die keerwal spuit en permanente skade aan die keerwal kan rig. Sou hierdie keerwal verkrummel, loop die water reg verby Mafube direk in die Vaalrivier in. Die VF Plus het 'n skrywe gerig aan die administrateur van Mafube om met instandhouding in te gryp. Die party verwelkom ook positiewe reaksie van die Minister van Omgewingsake, Bosbou en Visserye oor hierdie kwessie. Die regering moet verantwoordelikheid neem om ons natuurlike hulpbronne effektief te bestuur en te bewaar.



100STE SKENKING

Mr. Johannes Wessels het Dinsdag die kerf bereik vir sy 100ste skenking. SANBS volg streng maatreëls om die veiligheid van skenkers te verseker. Help SANBS om 'n bloedtekort te voorkom deur bloedskenking te ondersteun. 'n Geskenk van waardering word aan elke bloedskenker oorhandig. Skenk bloed. Jou bloed red lewens.



Late-Nite Video
Heilbron

NEW RELEASES
Breakout
The Shack
Primal
Sound of Music

Kerkstraat 42 C/42 C Church street
072 807 7790 ★ 076 868 3837



WILDBEDRYF IN VOET GESKIET

Die wildbedryf het reeds skade opgedoen nadat wildboere die eerste gedeelte van die jagseisoen gemis het. Alle maniere van jag was aan die begin van Junie weer toegelaat en het die wildbedryf laat asem skeep. Plekke was reeds vol bespreek tot einde Augustus om vir verlore tyd en geld op te maak, maar gewysigde regulasies is Dinsdag in die Staatskoerant gepubliseer. Dit het nou weereens 'n geweldige negatiewe effek op die bedryf. Die Departement van Omgewing, Bosbou en Visserye publiseer in die goewerments-kennisgewing dat enige vorm van jag met die doel om vleis te kry vir verbruik, voort mag gaan, maar verbied reis oor provinsiale grense. Die voorsiening van akkommodasie aan jagters word ook nou verbied. Wildplase gaan 'n verdere ekonomiese verlies ly weens wildboere staatmaak op die geld wat hulle uit akkommodasie verdien. Om troppe uit te dun

en selfonderhoud te verseker is toelaatbaar, mits dit plaasvind in dieselfde provinsie. Wildveulings kan egter voortgaan solank daar aan die nodige gesondheidsmaatreëls voldoen. Dieretuine, akwariums, en diere-rehabilitasiesentrums wat gewoonlik oop is, moet gesluit wees vir die publiek. Onderhewig aan gesondheidsprotokol, kan botaniese tuine slegs vir oefendoeleindes oopgemaak word. Hierdie wysiging tree in werking op die datum van die staatskoerant se publikasie (28 Julie 2020). Die staatskoerant is gratis aanlyn beskikbaar by www.gpwnline.co.za. Hoewel reis en verblyf nou vir jagdoeleindes verbode is, kan daar steeds gejag word. Maak steeds van hierdie geleentheid gebruik en neem deel aan Heilbron Herald se fotokompetisie vir jagters, gaan na Heilbron Herald se Facebook-blad vir meer inligting of gaan stem vir jou gunsteling foto.

VERKLARENDE WOORDE VAN DIE TYE

Vlakflaters (s.nw)

Oortreding(s) tydens verskillende vlakke van inperking

Bekjassie (s.nw)

Ander woord vir masker

"Party mense se bekjassies sit geduring onder hulle neuse"

Hokklok (s.nw)

Met die aanklokreël "lui die hokklok" om 21:00

Grendelgrap (s.nw)

Grappies geskep en aangestuur tydens die inperking

"Tydens inperking is daar elke dag een of ander grendelgrap"

Koorspistool (s.nw)

Die infrarooi temperatuurmeter wat by bykans elke plek se ingang naby jou kop gehou word om jou koors te meet

Tralieuier (s.nw)

Die kuiers waar jy nie mag binnetoe gaan nie en dié wat binne is, nie mag buitetoeg kom nie

KENNISGEWING

JJJ

VERLORE OF VERNIETIGDE TITELBEWYS

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van regulasie 68 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om 'n gesertifiseerde afskrif van Akte van Transport Nr. TE/11493/2003 gepasseer deur NGWATHE PLAASLIKE MUNISIPALITEIT ten gunste van NTOKO JOHANNES MOAHLOLI EN MMASELOKWANE MAREA MOAHLOLI ten aansien van sekere ERF 1236 Kwakwatsi, distrik Koppies, Provinsie Vrystaat wat verlore geraak het of vernietig is. Alle persone wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes te Bloemfontein binne twee weke ná datum van publikasie van hierdie kennisgewing.

Gedateer te Koppies op 25 Junie 2020.

AANSOEKER: AMANDA ANNE SCHUTTE

KERKSTRAAT 21A, KOPPIES, 9540, TEL: 056 777 1884

E-POS: koppies@corven.co.za